

H A J Kruger

Universiteit van Durban-Westville

Jesaja 61:1-3(4-9)10-11: 'n “identikit” van die Dienaar van die Here? Deel II

ABSTRACT

Isaiah 61:1-3(4-9)10-11: an “identikit” of the servant of the Lord? Part II

In part I of this study (see previous article) it was concluded that Isaiah 61:1-3(4-9)10-11 belongs to the same literary category of the so-called Servant Songs of Deutero-Isaiah (Is 42:1-4; 49:1-6; 50:4-9, and 52:13-53:12, cf 51:16). However, a main argument supporting the latter view remains to be discussed. This relates to the idea of “democratisation” referred to previously. The discussion hopes to show that as interpretative key this concept enhances the link between Isaiah 61 and the first four Servant Songs. The concept also creates a framework or role for the figure of Isaiah 61 to mediate the accomplishments of the Servant for the benefit of and to be transferred to the servants of Trito-Isaiah. The questions to be raised include the following: Should the Servant figure be understood collectively or individually? What is the office of the Servant figure? Does the figure reveal any messianic features? Can the figure be identified historically? Are there any links between this figure and the New Testament?

INLEIDING

In deel I van hierdie studie is voorlopig tot die gevolgtrekking gekom dat Jesaja 61:1-3(4-9)10-11, anders as die heersende opinie, wél as een van die Dienaar van die Here-passasies beskou kan word saam met die eerste vier, naamlik Jesaja 42:1-4; 49:1-6; 50:4-9, en 52:13-53:12, vergelyk 51:16. In die eerste gedeelte van die ondersoek is vroeë geopper wat net gedeeltelik behandel is. Op 'n eerste vraag, naamlik of Jesaja 61 as 'n Dienaar van die Here-passasie kwalifiseer, is in deel I positief geantwoord. Die figuur waarna daar in Jesaja 61 verwys word, word dus as die Dienaar van die Here beskou. Die res van die vraag wat in deel II ter sprake kom, sluit in: Moet die betrokke figuur kollektief of individueel verstaan word? Wat hou die taak/funksie (amp) van die figuur in? Beskik die figuur oor messiaanse trekke? Kan die figuur (histories) geïdentifiseer word? Bestaan daar enige verbande tussen hierdie figuur en die Nuwe Testament? Dit is onvermydelik dat aspekte wat onder een vraag bespreek word, met besprekings van ander vrae sal oorvleuel. Al hierdie vrae konvergeer egter in die één sleutelvraag: Vind die Dienaar-figuur van Deutero-Jesaja sy voortsetting in Trito-Jesaja?

Die eerste vraag lui:

A. MOET DIE FIGUUR VAN JESAJA 61 IN 'N KOLLEKTIEWE OF INDIVIDUELE SIN VERSTAAN WORD?

Gedurende al die hooflydperke van die geskiedenis van die interpretasie van die Dienaar is dié figuur óf kollektief óf individueel verstaan (deurlopend by De Leeuw 1956 en North 1956). Uit 'n

vergelyking van die onderstaande tekste kan byvoorbeeld gesien word hoe die figuur van die Dienaar wissel tussen 'n individuele en kollektiewe voorstelling. Daar kan egter ook tot die slotsom gekom word dat albei die tekste van Jesaja 43:10 en 44:1 'n onderskeid tref tussen 'n groep mense (ועבדיישראל) en 'n enkeling (ועבדיי):

יַעֲקֹב עַבְדֵי יִשְׂרָאֵל בַּחֲרָתִי בּוֹ (Jes 44:1; vgl 43:20 ev)



אֲחִים עַדִּי וְעַבְדֵי אֲשֶׁר בַּחֲרָתִי Jes 43:10

Hierdie dubbelduidigheid blyk ook uit die volgende waarneming. Die Masoretiese teks van Jesaja 43:10 lees: אֲחִים עַדִּי נְאֻמ־יְהוָה (let veral op “my getuies”, snw *mv* + suff eerste persoon enkelvoud), en die vervolg: וְעַבְדֵי אֲשֶׁר בַּחֲרָתִי (“en my dienaar”, snw *ekv* + suff eerste persoon enkelvoud). Soos hier bo gestel, kan onderskei word tussen 'n individu en die volk Israel. Die Siriese weergawe het hierdie oneffenheid in die taal of gedagtegang aangevoel en die enkelvoud in 'n meervoudsvorm verander. Gevolglik stel *Biblica Hebraica Stuttgartensia* (1987) voor dat die vorm as עַבְדֵי (“my dienaars”, dws *mv*) gelees word. Die Septuaginta, Targum en Vulgaat lees egter almal dieselfde as die Masoretiese teks (Watts 1987:127).

Sommige navorsers verkies om ou Israel met die Dienaar van die Here te vereenselwig. Dit beteken dat die Dienaar as 'n kollektiewe figuur verstaan word. By die kollektiewe verklaring word die Dienaar gewoonlik met die historiese Israel, die ideële Israel of 'n reële kern in Israel vereenselwig (kyk Kruger 1984:43). Daar kan inderdaad veel vir so 'n standpunt gesê word. Daar hoef ook nie akademiese weerstand daarteen te wees nie, want sekere tekste wil die leser so lei (Watts 1985:117). Die “dienaars” waarvan Jesaja 65:8-15 en 66:14 melding maak, kon moontlik gelei het tot die kollektiewe interpretasie van die Dienaar in Jesaja 40-55. Die kollektiewe benadering het onlangs nuwe stukrag gekry met Blenkinsopp (1995:392-412) se mening dat “die dienaars van die Here” in Trito-Jesaja op 'n piëtistiese groep in die Persiese periode dui. In aansluiting hierby kan volgens Van der Kooij (1997:383-396) die Dienaar van die Here met 'n groep Jode in Egipte vereenselwig word.

Wanneer die integriteit van die hele Jesajaboek egter gehandhaaf word, moet aanvaar word dat alles nog nie gesê is wanneer die Dienaar van die Here net met die volk Israel vereenselwig word nie. Daar sal moet erken word dat hier waarskynlik 'n verskraling van interpretasie plaasvind wanneer die verklaarder net die ou volk van Israel in die persoon van die Dienaar terugvind. Nie ou Israel óf moderne Israel kon nog ooit volledig op so 'n status aanspraak maak of so 'n rol vervul nie. Die regverdigde dienaar van wie hier gepraat word (Jes 53:11), moet dus iemand anders wees.

Die individuele benadering lewer ander moontlikhede op. Die Dienaar verteenwoordig 'n historiese persoon (vgl hier bo). Hier word aan 'n aartsvaderlike figuur gedink: Abraham, Jakob (of van sy seuns) of Job. Ander het die figuur van Moses, Jesaja, Jeremia of 'n leraar van die Wet oorweeg. Onder die konings en ander leiers wat in aanmerking gekom het, tel die volgende: Josua, Gideon, Dawid, Hiskia, Ussia, Josia, Jojagin, Serubbabel, Mesullam (Kruger 1984:43). 'n Posing is ook aangewend om 'n verband te lê tussen die identiteit van die Dienaar van die Here en 'n vroulike dienaar-figuur (Korpel 1996:153-157). Nie-Israëlitiese heersers wat oorweging geniet het, sluit in die Egiptiese farao of Kores, die Persiese koning. Vir die huidige doel sal slegs enkele van hierdie individue oorweeg word.

Die Dienaar-figuur word in 'n kollektiewe én individuele sin uitgebeeld. Weer eens: Israel staan wel vir die Dienaar van die Here, maar met die voorbehoud dat dit slegs geld tot by 'n sekere punt of tot op 'n sekere vlak. Daarnaas moet gestel word dat daar ook 'n bepaalde voorts kryding

van gedagtes om die betrokke figuur in hierdie passasies plaasvind. Op grond hiervan kan argumente aangevoer word waarom ook of eerder vir 'n individu gekies behoort te word. So 'n individu kan enersyds as 'n sekere verlengstuk van Israel beskou word (kontinuiteit), maar sal andersyds ook van Israel onderskei moet word (diskontinuiteit), soos alreeds hier bo gedeeltelik aangedui is. Die uitspraak in Jesaja 49:5-6, dat die Dienaar naamlik *vir Jakob* sal terugbring, dwing die eksegeet om rekening te hou met 'n onderskeiding tussen twee fasette van die figuur of twee afsonderlike persoonlikhede. Die kollektiewe terme in die beskrywing van die Dienaar het telkens die hele Israel ingesluit, maar deurentyd gefokus op een verteenwoordiger wat die bestemming van die geheel dra. Hierdie verbintenis is veral te vinde in die ewige verbond wat God met die Dawidiese koning (in Jesaja bekend as die Spruit of Saad) gemaak het (Odendaal 1970:128-136). Die spanning tussen die kollektiewe en individuele dimensies van die Dienaar word weggeneem as daar in gedagte gehou word dat die Ou Nabye Oosterse koning as verteenwoordiger van sy volk moes optree, dat hy inderdaad self die volk kon wees (Kapelrud 1971:311-313).

Op hierdie gronde kan gestel word dat die boek van Jesaja die Dienaar-figuur as 'n "dubbele" persoonlikheid voorhou (vgl die bespreking by Kruger 1984:44). Hierdie saamgestelde aard van die Dienaar-figuur van Jesaja 61 word voorafgegaan deur en veral gebaseer op 'n reeks historiese persoonlikhede uit die Bybelse verhale om uiteindelik die één Dienaar-figuur te vorm.

Gedurende die monargale periode van Israel en Juda het afsonderlike verbonde tussen die Here en die konings van hierdie state asook tussen die Here en Israel tot stand gekom (2 Sam 7:13-14; 23:5b; Ps 89). So het sowel die Dawidiese koning as Israel respektiewelik in 'n verbondsverhouding met die Here gestaan. Daar is dus sprake van 'n dubbele fokuspunt van die verbondsverhouding. Hierdie dubbele verbondsverhouding kom ook in Jesaja ter sprake en word met Israel/die Dienaar van die Here in verband gebring. Op hierdie gronde kan gesê word dat die tekste onderskei tussen die Dienaar van die Here en "die Dienaar Israel" by wyse van spreke, en dat albei hierdie figure in 'n verbondsverhouding met die Here verkeer. Dieselfde verbondsverhoudings, soos aangegaan vóór en gedurende die monargale periode, word dus in Jesaja gehandhaaf. Dit verklaar ook die talle ooreenkomste en oorvleueling tussen die twee "persoonlikhede" van die Dienaar van die Here en die Dienaar Israel.

Hierdie realiteit beteken dat daar nie tot volkome identiteit tussen die twee figure gekonkludeer kan word nie. Die Dienaar van die Here tree as verteenwoordiger vir die Dienaar Israel op (vgl 49:5b: "om Jakob terug te bring ..."). 'n Opvallende verskynsel in die Dienaar van die Here-passasies hou verband met 'n ossillering tussen die Dienaar as subjek (Jes 49:3) en die Dienaar as objek in verband met die werk van die Dienaar (49:5c-6) (kyk Kaiser 1979:215-217). Hierdie realiteit kom binne die raamwerk van dieselfde Dienaar van die Here-passasie voor. Op grond van sy verbond (49:6a) stel die Here die Dienaar as sy Verbond met sy volk aan. Hierdie woorde verkeer in parallelle posisie met die woorde "my lig vir die nasies", wat dieselfde gedagte verteenwoordig. Die Dienaar van die Here word dus onderskei van die volk van die Here, die Dienaar Israel. In Jesaja 49:8, waar dieselfde woorde voorkom, bly die uitwerking van die verbond beperk tot die volk van die land.

Agt hierdie soort uitsprake sit die gedagte van die sogenaamde inkorporerende persoonlikheid ("corporate personality") (Gileadi 1994:105, vn 39, *et passim*). Die idee van die inkorporende persoonlikheid hou verband met die afwenteling van die resultate van prestasie deur die presteerder op sekere bevoorregtes. Hierdie verskynsel kan as 'n vorm van "demokratisering" bestempel word (kyk die bespreking by Kruger 1984:40-42). Aangesien hierdie laasgenoemde begrip egter allerlei politieke konnotasies het, sal dit hier vermy word. Die idee van afwenteling bied egter aan die leser 'n bruikbare sleutel vir die verstaan van die betekenis van Jesaja 61 as 'n Dienaar van die Here-passasie. Indien dit aanvaar word, bevestig dit verder dat Jesaja 61 onontkenbaar deel vorm van die eerste vier Dienaar van die Here-passasies.

ook deel van die begiftiging van Sion (כְּבוֹדָךְ, 62:2). As 'n kanttkening word gemeld dat die infinitiewe wat die uitvoering van die taak van die Dienaar in Jesaja 61:1-3 beskryf, verband hou met die sewevoudige deugde van die messiaanse figuur van Jesaja 11:2 (kyk Koole 1995:264). Dus is hier weer moontlik sprake van die uitdeel van die deugde van die Gesalfde aan sy volgelinge.

Die onderpand van alles wat tot hertoe gestel is in verband met die afwentelingsbeginsel, setel in die feit dat die Dienaar van die Here as die verbondsmiddelaar vir die Dienaar Israel optree (וְאַצְרֵךְ וְאַתְנֵךְ לְבְרִית עִם לְאוּר גּוֹיִם, Jes 42:6). Deur die verbondsmiddelaar word die verbond met die Godsvolk gemaak (55:3) en aan hulle oorgedra (61:8, vgl 59:21). Die Gees wat op die Dienaar rus, verteenwoordig die getuienis dat die Verbond met die nuwe volk van God gesluit is (59:21). Jesaja 61:1-11 getuig van die blye boodskap van die uitkoms van die werk van die Dienaar. Hierdie realiteit vorm die basis van al die ander gegewens wat hoofstuk 61 by die eerste vier Dienaar van die Here-passasies voeg. Uit die bespreking hier bo blyk dat die Dienaar van die Here-passasies sonder hoofstuk 61 'n torso is. Die eerste vier Dienaar van die Here-passasies handel oor die werk van die Dienaar; hoofstuk 61 oor die vrug, die uitdeel van daardie werk. Slegs wanneer al vyf die passasies gesamentlik geïnterpreteer word, kan 'n volledige prentjie van die Dienaar daargestel word.

B. DIE AMP VAN DIE DIENAAR VAN DIE HERE

Standpunte van verklaarders het hier hoofsaaklik in twee rigtings gegaan, te wete dat die Dienaar óf 'n koning óf 'n profeet sou voorstel (De Leeuw 1956:298, *et passim*; North 1956:139, *et passim*). Ander dink ook wel aan die priesteramp (Blocher 1975:72). Sommige wil praat van 'n herout, nog ander van 'n gesalfde oorwinnaar. Maar deur hierdie begrippe op die Dienaar toe te pas, het ons alreeds die sfeer van die Messiasverwagting betree.

Om die amp van die betrokke figuur van nader te bekyk (vgl Dion 1988:319-339), word vervolgens aandag gegee aan die salwing van konings (met die oog op hulle taak van vrylating van gevangenes én hulle lyding), priesters (hulle offerlyding) en profete (hulle gestuurdheid en lyding) (Kruger 1984:45).

Die konings van Israel word “gesalfdes” genoem (Ps 2:2; 20:7; 89:39, 52; 132:10), die Hére se gesalfdes (Ps 89:21). Verklaarders het die aandag daarop gevestig dat die werkwoord en selfstandige naamwoord vir “salf” in die grondtaal dikwels as ekwivalente vir die werkwoord “tot koning maak” en vir die selfstandige naamwoord “koning” gebruik word (Soggin 1975:913). Die woord “gesalfde” word byna uitsluitlik as 'n sinoniem vir koning gereserveer, soos in Skrifgedeeltes waar dit in parallelle posisie met “koning” verkeer (1 Sam 2:10; 12:3, 5; 24:6, 10, 11; 26:9, 11, 16, 23; 2 Sam 1:14, 16; 19:21; 22:51, vgl Ps 2:2; 18:50-51; 20:6-7, maar kyk 28:8; Klaagl 4:20). Ander het daarop gewys dat 'n vyfvoudige teologiese paradigma en betekenis van “gesalfde” in die Ou Testament voorkom (kyk onder Messias). Die salwing van 'n persoon word begelei deur die Gees, terwyl laasgenoemde sonder mate aan die Heerser van die eindtyd gegee word. Dit is met so 'n gesalfde koning wat ons in Jesaja 61:1 en die volgende verse te doen het.

Die vrylating van gevangenes waarvan Jesaja 61:1 en die volgende verse spreek, bevestig dat die figuur 'n koninklike amp beklee aangesien die vrylating 'n belangrike deel van enige Ou Nabye Oosterse koning se taak of deugde uitgemaak het (Dijkstra 1978:44). Die oproep tot hierdie handeling is alreeds deur Moses gegee (Lev 25) en deur die profete herhaal (Jer 34:8, 15, 17 [2x]; Eseg 46:17). Volgens Psalm 147:7 en die volgende verse kan die vrylating na die koningskap van die Here self teruggevoer word. Die vrylating van gevangenes herinner ook aan koning Kores (45:13, vgl 2 Kron 36:22 ev). In Jesaja 61:1 word die vrylating van die gevangenes egter ook gelykgestel met die opening van die oë. Jesaja 42:1 en 7 lê 'n verband tussen die voorstelling van

die Dienaar as gesalfde en sy taak om gevangenes vry te laat. Ook in hoofstuk 61:1 word salwing en vrylating nou verbind. Hierdie gegewens staaf die feit dat 'n koningsfiguur in Jesaja 61:1 en die volgende verse optree.

Die herderstaak wat die Dienaar hier uitvoer, bevestig verder dat hy 'n koningsfiguur moet wees (Thomson 1955:406-418). Die woorde “op te beur” vertaal 'n Hebreeuse begrip wat met die woord “om te verbind” verband hou (חִבַּשׁ). Laasgenoemde mediese term verwys na die verbinding van frakture (Eseg 30:21; 34:4, 16), 'n taak wat deel gevorm het van die sorg wat die herder aan sy kudde bestee (Ps 147:3; Job 5:18). Die woord wat in Jesaja 3:7 met “leiding neem” vertaal word (die 1953-AV het “geneesheer wees”), hou verband met koningsheerskappy én die verbinding van wonde.

Die ander twee ampte wat moontlik ook in Jesaja 61 ter sprake kom, sluit eerstens die priesteramp in, aangesien (hoë-)priesters ook die ritueel van die salwing deurloop het (Lev 4:3, 5, 16; 8:1). Soos voorheen gemeld, is profete egter ook gesalf (1 Kon 19:16; Ps 105:15, vgl Gen 26:11) én moes hulle lyding verduur. In Jesaja 40:9 (2x); 41:27, en 52:7 word gepraat van “dié wat die goeie tyding (moet) bring”. Hierdie amp wat in die verlede met 'n “herout” geassosieer is, kan moontlik met dié van 'n profeet gelykgestel word. Indien dit aanvaar word, stel Jesaja 61:1 'n profetefiguur voor (vgl “blye boodskap te bring”). Gestuurdheid op 'n amptelike sending het 'n belangrike deel van 'n profeet se taak gevorm. Die Here stuur sy profete (Jes 6:8 [deur sy Gees, 48:16]; Jer 1:7; 25:4; 26:5; 35:15; Eseg 2:3-4; Rig 6:8). Wat hierdie amp betref, tref die leser dus weer 'n saamgestelde figuur aan, naamlik 'n koningsfiguur waarby aspekte van die profetiese en priesterlike ampte geïntegreer is. Dus, ook wat die amptelike sy van hierdie figuur betref, moet rekening gehou word met 'n saamgestelde persoonlikheid.

C. HANDEL JESAJA 61 OOR DIE MESSIAS?

'n Laaste saak wat hier aangeroei moet word, handel oor die vraag of Jesaja 61 van die Messias praat (vgl Kruger 1984:47-49). Dit is bekend dat die woord “messias” nie in die Ou Testament in verband met die Verlosser van die toekoms voorkom nie. Die woord word geleen uit die latere Joodse geskrifte (Soggin 1975:914). Die aanvaarding van die eenheid van die boek van Jesaja gaan gepaard met 'n bepaalde legitieme verbindingslyn tussen verskillende tradisies in die boek. Een Bybelverklaarder wys daarop dat die Messias wat in Jesaja 1-37 as die universele Koning voorgestel word, in Jesaja 40-55 die inskakeling van die heidene by die volk van die Here voorspel, 'n taak wat in Jesaja 56-66 deur die persoon van die Dienaar voltooi word (Motyer 1980:991). Ander het daarop gewys dat die toerusting deur die Gees die deurslag gee in die vraag na die Messiaanse karakter van die Dienaar en dat die nuwe Moses in Jesaja 63:11-14 sy voortsetting vind in die Geesvervulde Messias-Dienaar van hoofstuk 61:1-3 (Kline 1980:82). Die toerusting deur die Gees verteenwoordig die diepste geheim van die toekomstige Messiaanse Koning.

Motyer (1980:987-993) het vyf karakertrekkende geïdentifiseer wat as maatstaf kan geld om te bepaal of 'n figuur in die Ou Testament, en meer bepaald in Jesaja, aan die Messiaanse vereistes voldoen; 'n soort “Messiaanse paradigma”. Hierdie benadering is gebaseer op die wyse waarop Kores, die Persiese koning, in Jesaja voorgestel word. Die kenmerke sluit in dat so 'n persoon deur God verkies moet wees (41:25), dat hy aangestel word om 'n verlossingsdoel ten opsigte van sy volk te bereik (45:11-13), dat hy die volke oordeel (47) en die heerskappy oor die nasies ontvang (45:1-3). In al sy aktiwiteite is dit eintlik God self wat optree (45:1-7). Die salwing deur die Gees vorm die basis van al sy ondernemings (45:1). Onder die bespreking van die amp van die Dienaar is daar alreeds aangetoon hoe die figuur van Jesaja 61:1 en die volgende verse aan die eerste drie vereistes voldoen. Die volgende voorwaarde waaraan voldoen moet word, is die oordeel oor die volke. In Jesaja 61:2 word die wraak van God aangekondig, 'n begrip wat onteenseglik in verband met die oordeel van God staan (63:1-6). Die Dienaar voer hierdie handeling uit.

Die volgende belangrike vereiste lui dat 'n verlosserfiguur goddelike eienskappe naas sy gewoon menslike eienskappe moet openbaar om as die Messias te kwalifiseer. Die rede hiervoor is dat die gedagte van die Messias teruggevoer kan word na die Here self. Die Messias tree as “dubbelganger” vir die Here op. Hierdie figuur beskik oor vermoëns wat slegs aan God self toegeskryf kan word. Die naam van die koningseun in Jesaja 7:14 heet: “God met ons”, terwyl die naam van die koningseun in Jesaja 9:5-6 as “God” en “Vader” aangegee word, titels wat miskien ten spyte van koninklike hofetiket moeilik tot die menslike sfeer beperk kan bly. Die toekenning van goddelike kwaliteite aan hierdie persoon plaas hom dus binne die sfeer van die Messias. Jesaja 42, 49, 50, 52/53 en hoofstuk 61 sluit hierby aan en voer die gedagtegang verder. Een voorbeeld sal hierdie stelling bevestig. Volgens Jesaja 60:1 en die volgende verse (vgl 10:17) verteenwoordig die Here die lig wat van Sion uitgaan; Jesaja 42:6d noem dat die Dienaar van die Here as die lig van die nasies optree.

Volgens die Ou Testament het gelowiges mekaar vertroos (Rut 2:13). Daar is egter net een geval opgeteken van 'n koning wat hierdie handeling uitgevoer het, te wete Dawid. Hy troos Batseba na die dood van die seun (2 Sam 12:24), homself na die dood van sy ander seun (2 Sam 13:39) en Ganun, die seun van Nagas, die koning van Ammon (2 Sam 10:2-3). Uit 'n vergelyking van Jesaja 57:18 en hoofstuk 66:13 blyk dat die Here sy volk vertroos. Maar volgens Jesaja 61:2 onderneem die Gesalfde van die Here hierdie taak. In die handeling van troos oorvleuel die werk van God en die Dawidiese Gesalfde dus. Niemand behalwe die Here kan mense met gebroke harte genees nie (Ps 147:3). Volgens Jesaja 30:26b sal die Here op sy dag die wonde van sy volk verbind (חבַשׁ). Jesaja 61:2 stel dat die Gesalfde die wonde van sy volk verbind (חבַשׁ), effens wegvartaal deur die 1983-AV: “die moedeloses op te beur” (vgl 57:15b).

Ten slotte kan daarop gewys word dat die Godsvoorstelling in Jesaja 56-66 'n drievoudige realiteit insluit. Hoofstuk 59:15b-21, en hier kom die koniese en spieëlbeeldvoorstelling van die materiaal weer ter sprake, handel oor die Here, die Verlosser en die Gees; 61:1 verwys na die Gees, die Here (“my God”) en die Gesalfde, terwyl 63:7-11, 14 en 16 weer die Here, die Verlosser, die Engel en die Gees saam noem. Al drie hierdie voorstellings kom in verband met die verlossing voor. Die Gesalfde word op drie maniere uitgebeeld. Volgens hoofstuk 59:19-20 is hy die een wat kom, gelykgestel aan die Verlosser én die Here (v 19a). Jesaja 61:1 praat van die Gesalfde en hoofstuk 63:8, 9 en 16 van die Engel wat verlos, ook gelykgestel aan die Here. 'n Vergelyking van hoofstuk 59:16a, 16b en 17 met hoofstuk 61:2, 10 en 63:1c (2x), 4, 5a en 5c lewer die volgende resultate. Dit is duidelik dat wat die geregtigheid, verlossing en wraak betref, daar 'n noue ooreenkoms tussen hierdie Skrifgedeeltes bestaan. Die skrywer verbind sonder onderskeid genoemde begrippe aan die twee figure wat beskryf word in die drie betrokke Skrifgedeeltes. Geregtigheid, verlossing en wraak vorm saam die doelwit van die Here én die Gesalfde. Die Gesalfde deel dus in God se Plan, hy is God se Gestuurde. By 'n vergelyking van Jesaja 11:15 met hoofstuk 61:10 blyk uit eersgenoemde teks dat die Gesalfde die gordel van geregtigheid dra net soos in laasgenoemde geval dié deug aan die dra van 'n kleding verbind word. Die werke van die Dienaar is inderdaad dieselfde as dié van die Here (vgl 42:6, 7; 49:6 met 51:4; 42:4; 49:1 met 51:1, 5). Konklusie: Jesaja 61 handel oor die Messias.

D. DIE IDENTITEIT VAN DIE DIENAAR VAN DIE HERE

Die geskiedenis van die interpretasie van die figuur van die Dienaar van die Here toon aan dat daar tot op hede nog nie volledige eenstemmigheid bestaan oor wie presies hierdie figuur was nie (kyk Kruger 1984:43-44). Gevolglik het sommige verklaarders voorgestel dat minder klem gelê moet word op 'n soeke na die identiteit van die Dienaar en meer nagedink behoort te word oor die

funksie en taak van hierdie figuur (kyk die bespreking by Prinsloo 1999:811). Hierdie voorstel raak 'n belangrike punt aan. Die soeke na die identiteit van die Dienaar van die Here mag egter nie vermy word of uitbly bloot omdat daardie identiteit moeilik is om te bepaal nie. Dit bly 'n belangrike saak om die identiteit van die Dienaar van die Here te probeer bepaal, omdat byna elke onderdeel van die interpretasie van die Ou Testament én die Nuwe Testament daardeur geraak word. Om vas te stel wie hierdie Dienaar is, het verreikende betekenis vir die verstaan van die Ou Testament én die Nuwe Testament. Indien daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die betrokke figuur (slegs) die volk Israel sou voorstel of verteenwoordig, of 'n bedekte verwysing na 'n profeet, koning of priester sou wees, ontstaan die vraag waarom die boek van Jesaja soveel aandag aan hierdie figuur gee. Indien dit nie bepaal kan word wie die Dienaar is nie, versand die moontlikheid ook dat hier sprake kan wees van die verlossing van Israel en die wêreld. Anders gestel, indien die Dienaar se ware identiteit verborge sou bly, wag diegene wat hulle by die kerk geskaar het, steeds saam met Israel op die koms van 'n nog anonieme messias.

Die profeet Jesaja kan as 'n moontlike eerste kandidaat vir die Dienaar van die Here beskou word omdat die boek onder sy naam bekend staan en omdat hy as profeet spesiaal 'n "dienaar" van die Here genoem word (20:3). Ander figure stel hom, wat hierdie saak betref, egter in die skadu.

Weens 'n sekere oorvleueling van begrippe waarmee sowel die figuur van Kores as die Dienaar van die Here beskryf word, is die bepaling van die verhouding tussen hierdie twee figure van belang. Die sogenaamde "teleurstellingsteorie" is op verskillende maniere aangewend om hierdie verhouding te probeer bepaal. Volgens sommige het die hoë verwagtings wat van Kores gekoester is in teleurstelling versand. Uit hierdie teleurstelling is die verwagting van die Dienaar van die Here gebore. Ander meen dat Kores se optrede aanvanklik groot eskatologiese verwagtings laat opvlam het. Omdat hierdie verwagtings nie verwesenlik is nie, vestig die profeet voortaan sy hoop slegs op die historiese optrede van Kores self. Kores se aardse koninkryk neem die plek van die koninkryk van die Here in. Ander wys daarop dat die koninkryk van Kores met messiaanse kategorieë beskryf word en selfs as die begin van die messiaanse era beskou kan word. Vir die huidige doel kan laasgenoemde stelling aanvaar word, maar dat die aardse koninkryk van Kores die plek van die koninkryk van die Here sou inneem, is onaanvaarbaar. Die ooreenstemming tussen trekke waarmee Kores en die Dienaar beskryf word, gee aan albei figure 'n aandeel in die koms van die koninkryk van God, maar elkeen op sy eie manier (kyk vir 'n omvattende bespreking Odendaal 1970:100-120; 128-130; ook Odendaal geen datum:173-175).

Vroeër is aangedui dat daar 'n oorvleueling tussen die figure van die Dienaar Israel en die Dienaar van die Here bestaan. Uit wat so pas oor Kores gesê is, behoort dit duidelik te wees dat aanvanklik en in sekere sin die reikwydte en die betekenis van die Dienaar van die Here, die Dienaar Israel en Kores oorvleuel. Al drie figure beweeg gelyktydig deur die verlossingsgeskiedenis van God met Israel en die wêreld. In die periode van die Babiloniese ballingskap word dit egter algaande duidelik dat Israel in sy roeping, soos uitgespel in Jesaja 1-37, om naamlik as dienaar vir die wêreld op te tree, gefaal het (kyk Watts 1985:xxiv-xxv). Israel sak uit en begin agter raak in die beweging van God deur die geskiedenis. Nou word die fokus na Kores verskuif. In die jaar 539 vC het hierdie Persiese koning die Babiloniërs oorwin en die mag oor die hele Ou Nabye Ooste oorgeneem.

Volgens Deutero-Jesaja word Kores op ongehoorde wyse by die plan van die Here met sy volk Israel ingeskakel. Ten spyte van die feit dat Kores 'n nie-Israeliet was, en hy nie in die Here geglo het nie (45:4, 5), noem die skrywer hom die "herder" van die Here, en sy "gesalfde" (44:28; 45:1); die een vir die Here liefhet (48:14). Hy roep die Here aan (41:25) en herken hom as die ware God (45:3). Sulke terme is gewoonweg vir die Dienaar van die Here gereserveer en deur dit op die Persiese koning toe te pas, word Kores dus binne die sfeer van die Dienaar geplaas. Dat Kores in

hierdie geval met sulke begrippe aangedui word, vind aansluiting by die profeet Jeremia wat koning Nebukadnesar met dieselfde term as Jesaja, naamlik die “dienaar” (דַּבָּר) van die Here beskryf (25:9; 27:6; 43:10; vgl Eseg 29:18-20). Die term “dienaar” word egter net in die Hebreeuse teks van Jeremia gebruik. Die Septuaginta laat dit weg (kyk Schenker 1982:498-527). Hoe dit ook al sy, hierdie uitdrukkingswyse vorm deel van die skrywer(s) se styl. Hy is so seker en oorstelp dat daar maar één ware God bestaan dat hy die optrede van God in verband met Kores met vrymoedigheid in daardie lig verstaan en selfs met genoemde godsdienstige terme klee. Géén aspek van die geskiedenis vind in elk geval buite die kontoere van God se wil plaas nie. Hy beheer álles. Dit is immers die boodskap van Jesaja 40-48. Maar die persoon van Kores en die plek wat hy in die plan van God inneem, kan slegs reg verstaan word as hy in verband met die Dienaar van die Here gebring word. In sy amp as koning voorsien hy die buitelyne vir die koningsheerskappy van die Dienaar wat op pad is. Kores vervul die taak van ’n atleet in ’n aflosspan. Hy dra aanvanklik die aflosstokkie, maar sal dit later aan die Dienaar oorhandig. Self sal hy van die baan afstap en verdwyn. Maar die Dienaar dra die saak van die koninkryk van God die toekoms in. Kores se koninkryk en optrede vorm die steierwerk vir die bou en koms van die koninkryk van God (vgl Odendaal 1970:119; ook Odendaal geen datum:175). Die profeet minag nie God se werk in die geskiedenis nie. Die aanstelling van Kores deur die Here as herder en gesalfde van sy eie volk en sy optrede om volke te bevry van die Babiloniese juk het ’n bepaalde doel. Dit vorm die skets op die skilderdoek van die geskiedenis waarmee God besig is, om uiteindelik die kleurskakerings en skadu’s, maar veral die gelaatstrekke van die Dienaar in te vul.

’n Tema wat redelik dikwels in Persiese mitologiese verhale voorkom, hou verband met konings wat op tragiese wyse ’n seun aan die dood moes afgee (Curtis 1996:31). Aangesien sekere gedeeltes van Jesaja 40-55 en 56-66 moontlik gedurende die Babiloniese, maar veral ook tydens die Persiese era afspeel, kon dié gedagtes uit Persië miskien ’n gedeelte soos Jesaja 52:13-53:12 beïnvloed het; veral die verwysing na die dood van ’n persoon wat waarskynlik koninklike trekke gehad het, te wete die Regverdige (53:11). En dit te meer omdat Kores, na wie daar in die omgewing van Jesaja 52:13-53:12 by name verwys word (44:28; 45:1), self in 530 vC tragies aan sy einde gekom het. Hierdie gegewens laat die eksegeet oorweging skenk aan die moontlikheid dat Jesaja 52:13-53:12 van genoemde Persiese gedagtes gebruik gemaak het om die Dienaar se lot te beskryf. Dit was ook ’n redelik algemene gebruik dat Ou Naby Oosterse konings hulle seuns geoffer het om rampe af te weer. Agas, wat hom aan hierdie soort oortreding skuldig gemaak het (2 Kon 16:3; 23:10), word in Jesaja 7 tot 11 deur Jesaja in hierdie verband naamlik oor kinders gekonfronteer (Kruger 1993:66-88). In 2 Konings 3:27 verneem die leser dat die koning van Moab sy eersgebore seun met hierdie doel voor oë geoffer het.

’n Vraag wat nou hiermee saamhang, lui: Waarom word daar in die boek van Jesaja, waarin soveel klem geplaas word op die Here as die Heilige van Israel, aandag gegee aan Kores as nie-Israeliet en heiden? Die wortel van hierdie gedagte lê in die oorspronklike plan van God om mense uit alle nasies as deel van sy Skepping te verlos (Gen 12:1-3). Om hierdie doel te bereik, rig God Hom nou nie meer eksklusief op Israel nie, soos nog uit Jesaja 1-39 blyk. Voortaan skakel God volgens Jesaja 40-66 vir Kores by sy universele verlossingsplan in. In elk geval, die figuur van Kores bied dus aan die verklaarder ’n verdere model waarmee die Dienaar van die Here geassosieer kan word.

Alhoewel sekere grondtrekke van Jesaja se voorstelling van Kores en die Dienaar dus ooreenkom, kwalifiseer Kores nie in die volle sin van die woord as Dienaar van die Here nie. Daar sal erken moet word dat God enigiemand kan inspan en vir sy doel gebruik, soos hier gesien kan word. Ook Kores kry ’n plek in die plan van God. Kores word wel deur die Here gebruik om sy volk na Palestina terug te lei (45:1-5), maar slegs die Dienaar van die Here kan die volk na die Here sêlf terugbring (49:5-6). Hierdie werklikheid vorm die kern van die saak en skakel Kores

geleidelik uit. Weens die aard van God se doel, naamlik om sy heil aan gelowiges te skenk en deur hulle aan ander, word die verklaarder gelei om na 'n naam, of 'n identiteit, vir die Dienaar te soek onder die geleedere van die heilsfiguur binne die kader of skopus van die Bybel self.

Om hierdie rede kan aan koning Dawid oorweging geskenk word as moontlike kandidaat vir die Dienaar. Sommige het aangedui dat die figuur in Jesaja 52:13-53:12 iemand in gedagte het wat bomenslike kwaliteite uitstraal, 'n persoon wat ná 'n onaansienlike begin vorder tot 'n paradoksale hoogtepunt, wat in nood en ellende verkeer en later herstel word. Op grond van hierdie vasstellings het outeurs tot die gevolgtrekking gekom dat slegs koning Dawid met hierdie beskrywing vereenselwig kan word. Ander interpreteer die Dawid-figuur as die Dienaar op 'n breër basis. Hulle wys daarop dat die funksie van die verbondsmiddelaar deur Moses, Josua, Samuel en Dawid uitgevoer word (kyk Kruger 1984:43-44). Veral die benaming van die Dawidiese koning as die seun van God en God as sy vader, bevestig ook 'n verband met die verbondsrealiteit (2 Sam 7:13-14). Die begrip "dienaar" word ook in verband met die verbond tussen die Here en sy volk gebruik, én Dawid word beskou as die dienaar van die Here by uitnemendheid (Jes 37:35; Eseg 34:23-24; 37:24; Jer 33:21, 36). Verder val dit op dat Dawid die enigste koning is wat pertinent genoem word in verband met die vertroosting van iemand anders (61:2 – kyk by Messias). Die vreugde wat die Dienaar ervaar (61:10), blyk uit Dawid se soortgelyke ervaring (Ps 30:12). Voorlopig word besluit dat die Dienaar as saamgestelde persoonlikheid elemente van sowel Kores as Dawid in hom opgeneem het. Die Kores-element verwys na die nie-Israëlitiese wêreld, terwyl die Dawid-element op Israel gerig is.

'n Verdere aanduiding dat die figuur van Dawid wel 'n groot rol in Jesaja 61 speel, blyk veral daaruit dat daar vanaf 2 Samuel 6-7 twee motiewe hand aan hand loop deur die sogenaamde Koningspsalms en die Sionspsalms en in die boek van Jesaja voortgesit word, naamlik die Dawid-motief en die Sion-motief. In hoofstuk 61 kom die Dawid-motief na vore. Hierdie voorstelling in hoofstuk 61 word aan weerskante deur die Sion-motief in hoofstukke 60 en 62 ingesluit of omraam (Sion = Jerusalem).

Afgesien van wat alreeds hier bo gesê is oor ander historiese gestaltes wat moontlik op die agtergrond van hoofstuk 61 staan, moet ook kennis geneem word van die bepaalde handeling of kwaliteit in die tradisies van Israel wat aan 'n sekere persoon verbind was. In Jesaja 61 word daar na verskillende van hierdie handeling verwys, sonder om die naam van die individu te noem aan wie sulke handeling oorspronklik verbind was. In Jesaja 61 word daardie handeling van die oorspronklike "eienaars" losgemaak en aan die Dienaar verbind.

In hierdie verband kom die aartsvader Abraham ter sprake. Sy naam word aan die ewige verbond verbind (Gen 17:7, 13, 19) wat in Jesaja 55:3 met die koningskap van Dawid geassosieer word (2 Sam 7:12-13, 16; 23:5; vgl Jes 61:8). Ook Moses het moontlik 'n rol in die samestelling van die figuur van die Dienaar gespeel. Teen die breë agtergrond van die eksodus word die uitroep van die vrylating aan sy naam verbind (Lev 25:1, 9-10; Jes 61:2; 63:11 ev), asook die verklaring dat die eersgeborene 'n dubbele deel sal ontvang (Deut 4:44; 5:1; 10:1, 10 ev; 21:15-17). Wat die eksodus en die bevryding uit die ballingskap betref, oorvleuel Moses en Kores se ampte. Die persoon van Josua het, wat hierdie aspek betref, moontlik ook 'n bousteun gevorm vir die opbou van die Dienaar-figuur. Sy naam word aan die verdeling van die land gekoppel (Num 26:52 ev; Jos 11:23, vgl Jes 61:7). Aäron het die verantwoordelikheid van die priesterskap gedra en sy persoon of amp speel waarskynlik ook 'n rol (Lev 8:1 ev; Eks 19:5-6; vgl Jes 61:6). Elemente wat laat dink aan die Persiese koning Kores, duik ook hier op (kyk hier bo). Nie alleen beantwoord hy aan die amp van Messias nie (kyk onder die bespreking van die amp), maar hy het die ballinge bevry en Jerusalem weer laat opbou (44:28; 45:13; vgl 61:1, 4). Ons gevolgtrekking lui dat die Dienaar 'n saamgestelde persoonlikheid verteenwoordig met koning Dawid as belangrikste komponent (Kruger 1984:45).

In hulle pogings om die identiteit van die Dienaar vas te stel, het sommige outeurs ten slotte egter wegbeweeg van 'n persoonlike na 'n onpersoonlike dimensie. In hierdie verband kan gewys word op die verband wat gelê word tussen die figuur van die Dienaar en 'n stad, 'n dienaar-stad, "Sion-Jerusalem" (Wilshire 1975:356-367; Sawyer 1989:89-107). Dieselfde tendens kom egter ook ten opsigte van Babilon voor (13:1). Alle "nie-Sion" entiteite word onder een Babilon-"sambreel" geïnkorporeer (vgl 43:13 ev) (Gileadi 1994:144-151). Die stad-element moet van die persoonlike onderskei word.

E. DIE DIENAAR VAN DIE HERE EN DIE NUWE TESTAMENT

In die voortgang van werk na vrug in die voorstelling van die Dienaar, word die openheid van die Ou Testament na die toekoms en die Nuwe Testament aangevoel. Jesaja 61 vorm 'n brug na die Nuwe Testament. In verband met die verhouding tussen Jesus en die Dienaar-figuur kan volgens Childs (2001:422-423) twee hoofstandpunte onderskei word. Enersyds beskou outeurs hierdie verhouding in terme van 'n profesie-ervulling-skema en andersyds as 'n retrospektiewe projeksie van die Nuwe-Testamentiese Jesus na die Dienaar-figuur van Jesaja. Hý verstaan die verhouding tussen die lydende figuur van Jesaja en Jesus egter in 'n analogiese sin, naamlik dieselfde verlossingsrealiteit soos beliggzaam in die Dienaar word voortgesit in die lyding en sterwe van Jesus. Hierdie verhouding word ontologies verstaan, dit wil sê in terme van die teologiese inhoud daarvan. Dus, dieselfde goddelike realiteit soos dit na vore kom in die Dienaar is gemanifesteer in Jesus Christus (Childs 2001:423).

Die Nuwe-Testamentiese skrywers beskou Jesus se lewe en werk as 'n vervulling van die Dienaar van die Here (vgl die bundels onder redaksie van Grosheide 1978a en b). Nadat hierdie verband 'n tyd lank ontken is, het sommige onlangs weer die Dienaar van die Here met die figuur van Jesus Christus vereenselwig (bv Fiedler 1997:119-129; Johnson 1993:107-136; Bratcher 1984:65-71). Volgens Matteus 8:17 neem Jesus as die Dienaar van die Here die siektes van ander op Hom en genees hulle (vgl Jes 53:4). Lukas pas in sy Evangelie (4:14 ev) die woorde van Jesaja 61:1 en die volgende verse direk op Jesus en sy optrede toe. Selfs die universele dimensie van die wêreldwye uitdeel van God se heil wat deur die Dienaar onderneem word, vind sy voortsetting in en aansluiting by Lukas wat dieselfde visie openbaar. Hierdie passasie uit Jesaja, naamlik hoofstuk 61, vorm ook die vertrekpunt vir die hele Lukasevangelie (kyk Du Plessis 1995:12-14, 146-152). Terselfdertyd dien hierdie passasie by Lukas ook as die grond vir die verwerping van Christus deur sy eie mense, net soos dit met die Dienaar in Jesaja 52/53 gebeur.

Lukas voer in sy Evangelie hierdie saak nog verder. Volgens hoofstuk 22:35-53 betree Jesus die tuin van Getsemane. Sy oproep om swaarde aan te skaf, gryp terug na die beeld van sy Vader in die Ou Testament, naamlik as die goddelike Krygsman. Nadat hy egter die beker van lyding aanvaar het, verlaat Hy die tuin in die gestalte van lydende Dienaar van die Here (Kruger 1997:597-604).

In die Handeling van die apostels verneem die leser dat die diaken Filippus in sy verduideliking aan die Etiopiër by Jesaja 53:7 aansluit, 'n Skrifgedeelte wat vir dié reisiger nie duidelik was nie. Hy vra naamlik: "Van wie praat die profeet hier, van homself of van iemand anders?" En die vervolg: "Filippus het by daardie Skrifgedeelte begin en die evangelie van Jesus aan hom verkondig." Filippus (of Lukas) lê dus 'n direkte verband tussen die Dienaar van die Here van Jesaja 53 en die Here Jesus Christus. Lukas, wat sowel Handeling as die Evangelie geskryf het, trek 'n lyn vanaf twee verskillende Dienaar van die Here-passasies – dit wil sê van weerskante van die historiese skeidslyn wat deur sommige navorsers tussen Jesaja 52/53 (as deel van hfst 40-55) en hoofstuk 61 (as deel van hfst 56-66) getrek is en wat tot die besluit gelei het dat slegs Jesaja 52/53 oor die Dienaar praat en nie hoofstuk 61 nie – na Jesus toe. Al sou Jesaja nie die identiteit

van die Denaar aangee nie, lei die verdere ontwikkeling van die gedagtes rondom die Denaar onvermydelik en doelgerig na Christus. Selfs al aanvaar die leser dat daar histories 'n afstand tussen die passasies van die Denaar in Jesaja 40-66 en 56-66 sou bestaan het, hoef dit nie te beteken dat hoofstuk 61 uitgesluit word van die eerste vier Denaar van die Here-passasies nie.

GEVOLGTREKKING

Jesaja 61-3(4-9)10-11 kan as 'n vyfde Denaar van die Here-passasie beskou word.

BIBLIOGRAFIE

- Becking B (et al reds) 1996. *On reading prophetic texts: gender-specific and related studies in memory of F van Dijk-Hemmes*. Leiden: E J Brill.
- Blenkinsopp, J 1995. The "servants of the Lord" in third Isaiah: profile of a pietistic group in the Persian epoch, in Gordon R P (red). "The place is too small for us." *The Israelite prophets in recent scholarship*. Winona Lake, Indiana: Eisenbrauns, 392-412.
- Blocher, H 1975. *Songs of the servant*. Londen: Inter-Varsity Press.
- Bratcher, R G 1984. The mission of the Servant of the Lord. Luke 3:1-4:30. *Faith and Mission*, 2/1, 65-71.
- Charlesworth, J (red) 1993. *The Old and New Testaments: their relationship and the "intertestamental" literature*. Valley Forge: Trinity.
- Childs, B S 2001. *Isaiah*. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox.
- Curtis, V S 1996. *Persian myths. The legendary past*. Londen: British Museum Press.
- De Leeuw, V 1956. *De Ebed Jahweh-profetieën: historisch-kritisch onderzoek naar hun ontstaan en hun betekenis*. Assen: Van Gorcum & Comp NV.
- Dion P E 1988. Institutional model and poetic creation: the first song of the Servant of the Lord and appointment ceremonies, in Eslinger, L & Taylor J G (reds). *Ascribe to the Lord: Biblical and other studies in memory of P C Craigie*. Sheffield: JSOT 67, 319-339.
- Dijkstra, M 1978. De koninklijke Knecht: voorstelling en investituur van die Knecht des Heren in Jesaja 42, in Grosheide, H H (red). *De Knecht: studies rondom Deutero-Jesaja, aangeboden aan J L Koole*. Kampen: Kok.
- Douglas J D (et al red) 1980. *The illustrated Bible dictionary*. Vol II. Leicester: Intervarsity Press.
- Du Plessis, I J 1995. *Die Evangelie volgens Lukas. Deel I*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Fiedler, P 1997. The Servant of the Lord: Israel (Isa 42:1-4) and Jesus (Mat 12:18-21). *Covenant Quarterly*, 55, 119-129.
- Eslinger, L & Taylor J G (reds) 1988. *Ascribe to the Lord: Biblical and other studies in memory of P C Craigie*. Sheffield: JSOT 67.
- Gordon R P (red) 1995. "The place is too small for us." *The Israelite prophets in recent scholarship*. Winona Lake, Indiana: Eisenbrauns.
- Gileadi, A 1994. *The literary message of Isaiah*. New York: Hebraeus Press.
- Goedicke H (red) 1971. *Near Eastern Studies in honour of W F Albright*. Baltimore: Johns Hopkins Press.
- Grosheide, H H (et al red) 1978a. *De Knecht. Studies rondom Deutero-Jesaja. Aangeboden aan J L Koole*. Kampen: Kok.
- Grosheide, H H (et al red.) 1978b. *De Knechtsgestalte van Christus. Aangeboden aan H N Ridderbos*. Kampen: Kok.
- Jenni, E & Westermann, C (reds) 1975. *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. (THAT) Bd I*. München: Chr Kaiser Verlag.
- Johnson, R F 1993. Christ the Servant of the Lord, in Charlesworth, J (red). *The Old and New Testaments: their relationship and the "intertestamental" literature*. Valley Forge: Trinity, 107-136.
- Kaiser, W C 1979. *Toward an Old Testament theology*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.
- Kapelrud, A S 1971. The identity of the suffering servant, in Goedicke H (red). *Near Eastern Studies in honour of W F Albright*. Baltimore: Johns Hopkins Press, 307-314.
- Kline, M G 1980. *Images of the Spirit*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.
- Koole J L 1995. *Jesaja III. COT*. Kampen: Kok.
- Korpel M C A 1996. The female servant of the Lord in Isaiah 54, in Becking B (et al red). *On reading prophetic texts: gender-specific and related studies in memory of F van Dijk-Hemmes*. Leiden: E J Brill, 153-157.

- Kruger, H A J 1984. *Verbond en apokaliptiek in Jesaja 56 tot 66*. Ongepubliseerde proefskrif ingelewer vir die graad DTh. Universiteit van Stellenbosch.
- Kruger, H A J 1993. Infant negotiator? God's ironical strategy for peace: a perspective on child-figures in Isaiah 7-11, with special reference to the royal figure in Isaiah 9:5-6. *Scriptura* 44, 66-88.
- Kruger, H A J 1997. A sword over his head or in his hand? (Luke 22, 35-38), in Tuckett C M (red). *The scriptures in the Gospels*. BETL CXXXI Leuven: Peeters, 597-604.
- Motyer, J A 1980. Messiah, in Douglas J D (et al red). *The illustrated Bible dictionary. Vol II*. Leicester: Intervarsity Press.
- North, C 1956. *The suffering servant in Deutero-Isaiah: an historical and critical study*. Oxford: University Press.
- Odendaal, D H 1970. *The eschatological expectation of Isaiah 40-66 with special reference to Israel and the nations*. Nutley: Presb and Ref Publishing Co.
- Odendaal, D H geen datum. Die Heilige van Israel in eskatologiese perspektief in Jesaja 40-66, in Verhoef P A (red). *Sol Iustitiae*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers, 167-190.
- Prinsloo G T M, 1999. Jesaja, in Vosloo W & Van Rensburg, F J (reds). *Die Bybellennium. Eenvolumekommentaar*. Vereeniging: CUM, 769-774.
- Sawyer J F A 1989. Daughter of Zion and Servant of the Lord in Isaiah: a comparison. *JSOT* 44, 89-107.
- Schenker A 1982. Nebukadnezars Metamorphose vom Unterjocher zum Gottesknecht: in den beiden Jeremia-Rezensionen. *Revue Biblique* 89, 498-527.
- Soggin, J A 1975. מֶלֶךְ König, in Jenni E & Westermann C (reds). *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament (THAT) Bd I*, 908-920.
- Thomson J G S S 1955. The shepherd-ruler concept in the Old Testament and its application in the New Testament. *SJT* 8, 406-418.
- Tuckett, C M (red) 1997. *The scriptures in the Gospels*. BETL CXXXI. Leuven: Peeters.
- Van der Kooij A 1997. The Servant of the Lord: a particular group of Jews in Egypt according to the Old Greek of Isaiah – some comments on the LXX Isa 49, 1-6 and related passages, in Van Ruiten J (et al red). *Studies in the book of Isaiah*. Leuven: Peeters, 383-396.
- Van Ruiten J 1997 (et al reds). *Studies in the book of Isaiah*. Leuven: Peeters.
- Verhoef P A (red) geen datum. *Sol Iustitiae*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Vosloo, W & Van Rensburg, F J (reds) 1999. *Die Bybellennium. Eenvolumekommentaar*. Vereeniging: CUM.
- Watts, J D W 1985. *Isaiah 1-33*. Word Biblical Commentary 24. Waco, Texas: Word Books.
- Watts, J D W 1987. *Isaiah 34-66*. Word Biblical Commentary 25. Waco, Texas: Word Books.
- Wilshire L E 1975. Servant-city: a new interpretation of the Servant of the Lord in the Servant Songs of Deutero-Isaiah. *JBL* 94, 356-367.